Geliefde Lourensrivierder

Hierdie week se fokusteks is Ps 23 en as mens werklik gaan broei oor die Psalm besef jy daar is so baie rondom die betekenis wat ons eintlik nog nie raak gelees het nie....

Ek het ons omgeegroep gevra om met ons te deel wat die Here vir hulle persoonlik in Psalm 23 sê en ek deel graag met jou een van my vriendinne se antwoord:

"Psalm 23 het my dadelik aan hierdie foto laat dink..... dit was geneem op ons bergplaas buite Riversdal. Wanneer ek gaan kuier maak ek altyd seker dat daar 'n tydjie uitgesit word sodat ek plaas toe kan ry en op die heel hoogste punt van die koppie kan gaan sit met afgronde reg rondom my.
Hier voel ek veilig en vrede in Sy teenwoordigheid om my, as ek weer krag en moed nodig het kan ek hier kom sit en weer anders na die wêreld kyk, deur die diep donker valleie sal Hy my lei en dit is 'n troos om dit te mag glo.

Soos 'n eregas sit ek en kyk na Sy skepping en dit is altyd net té veel om in te neem maar ek geniet dit in oorvloed. My hart voel dan sommer weer óórvol van Sy liefde en goedheid. Voor ek weer terug ry dorp toe sê ek opreg dankie en lê ek dan net weer my hele lewe voor Sy voete neer."

Kom luister asb Sondag, 22 April na Leopold se boodskap en ervaar Psalm 23 soos wat ons nog nooit daaraan gedink het nie.....

NUUSKRUMMELS: 19 APRIL 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

KENNISGEWING:
Ds Leopold en Ds Petrie sal van 24-26 April op 'n kursus wees in Stellenbosch en dus nie beskikbaar wees nie.

Kontak gerus die Kerkkantoor @ 021 853 5991 in geval daar enige probleme, navrae of nood is.

TE KOOP BY KERKKANTOOR

ALLES is ten bate van die Voedselfeesfonds: **Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedselfeesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of ‘n maand voor die Voedselfees plaasvind nie.**

VIR FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

VAKANTE POS: KOSTER
NG KERK HOTTENTOTS-HOLLAND
Die geleentheid het ontstaan by die NG Kerk Hottentots-Holland vir ‘n energieke, goed georganiseerde en pro-aktiewe individu om by ons gemeente aan te sluit as ’n Koster.
Take/verantwoordelikhede sal die volgende insluit:

- Instandhouding van die gronde en tuine van die NG Kerk Hottentots-Holland.
- Die instandhouding van alle toerusting, wat onder hierdie verantwoordelikheidsarea val,
- ’n Verskeidenheid take voor en tydens dienste en byeenkomste om te verseker dat alles vlot verloop
- Toe te sien dat die kerkkompleks altyd skoon en netjies is.

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende eienskappe beskik:

- Goeie interpersoonlike/ kommunikasievaardighede
- Goeie spanvaardighede (moet saamwerk met leraars, kantoor-personeel, orrelis, en begeleidingsgroepleier)
- Tegniese vaardighede (rekenaar toerusting/instandhouding van perseel)
- Goeie organiseringsvaardighede
- Toesighoudingsvaardighede
- Fisies gesond, in staat om hande-arbeid te kan verrig
- Moet in besit wees van ‘n geldige bestuurslisensie en oor eie vervoer beskik
- Bereid wees om aktief by die gemeente in te skakel

Die pos is ’n deeltydse pos en werksure vir die pos behels ongeveer 18 ure tydens weeksdae en ongeveer 6 ure op ’n Sondag.
Die pos is beskikbaar vanaf 1 Junie 2018
Indien u belangstel, moet u asseblief skriftelik u aansoek rig aan:
Die Diensgroep vir Diensverhouding
NG Kerk Hottentots-Holland
Posbus 735, Somerset Wes, 7129
óf 'n skriftelike aansoek faks na: 086 552 6165
óf per e-pos stuur na
admin@nghottentotsholland.co.za voor/op
4 Mei 2018

Navrae:
Hennie Fouché 021 852 5004 of 082 859 5646

NUUS UIT GEMEENSKAP

POS BESKIKBAAR BY HELDERBERG ELECTRIC FENCING:
Assistent installeerder om elektriese heining te installeer.
Werksure van 8:00 tot 17:00 Maandae tot Vrydae. Saterdae werk is kandidaat se eie keuse.
Kontak: 021-8531985
Office cell: 082 460 7337; Fax: 086 604 4417
E-mail: info@hef.co.za

CANSA RELAY FOR LIFE:

After our February Relay some team members asked if we could not moved our Relay date to later in the year. (October) We discussed this with the CANSA office and sent out mails to all on our data base, had a FB Poll going and in the end the following response was received.

- FB 73% Yes – 27% No
- Received 33 emails back – 31 Yes – 2 No

So after receiving all the information back from everybody we have decided to move our CANSA Relay For Life Helderberg event to October. The Challenge we have is that CANSA financial year runs from 01/04 to 31/03 so this means we will have to Relay again this October to fall in the 2019 Financial year of CANSA. If we do not Relay then we miss a year. This is a major challenge to us all but in the end we doing it all for CANSA and we except the challenge that we face as committee members and I hope you as team members will also except the challenge to Relay again.

The Date available for the October Relay is 13/14 October. The Theme that was chosen at our Team Thank you function is The Battle of The Bands.

Registration is now open to register you team for this year's October Relay. Registration Form attached underneath. The sooner you register the better as we only 6 months away. Without teams we cannot Relay.

If you could just let me know via Mail if you will be entering a team or thinking of registering for this Octobers Relay so that we have an idea on how many teams will be entering so far.

I trust that you all find the above in order. If you have any questions let me know and we will gladly reply.

Lucille Kruger (CANSA Relay For Life Helderberg)
Team Chairperson - 0729286135

KNIEWERK:

- Dankie Here Jesus, Seun van God vir die mildelike reën asook dit wat U nóg vir ons gaan uitstort♫
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux vir gesondheid (kanker)
- Joël Kriegler is klaar met bestraling
- Conrad Gunther herstel na knie-operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 22 APR. SE BOODSKAP: PS 23 (VIERDE WEEK IN PAASTYD)

Christus het opgestaan! Christos anesté!
Hy het waarlik opgestaan! Aléthos anesté!

Johannes 10:11-18 “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.”

Bekende sanger Don Moen se loflied "God will make a way" bevestig God se versorgende teenwoordigheid in ons lewens. Die lied se ontstaan is te danke aan 'n telefoonoproep in die middel van die nag. Sy skoonma het ontsteld gebel. Don se skoonsuster, Susan, haar man, Craig, en hul vier klein seuntjies was in 'n motorongeluk. Jeremy, 8, die oudste van die vier seuntjies, is op slag dood. Die res van die gesin was ernstig beseer.
Terwyl Don en sy vrou hul wroeging en hartseer voor die Here uitstort, kon hulle nie woorde vind om hoop en sorg teenoor Susan en Craig uit te druk nie. Don vertel dat die Here hulle deur die krisis gehelp het deur die volgende woorde aan hom te gee:
God will make a way when there seems to be no way.
He works in ways we cannot see. He will make a way for me.
He will be my guide; hold me closely to his side.
With love and strength for each new day, he will make a way.

Die woorde het Don se bekende lied geword. Hy sou netsowel ook Psalm 23 kon opsê.....
Skakel na die lied: https://www.youtube.com/watch?v=PoYC1jRI1cU

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

CANSA
RELAY FOR LIFE
HELDERBERG

13 & 14 October 2018

Registration Form

Fee payable: *R800 per team of 10 members and R80 per person for every member thereafter, with a maximum of 15 members per team. (NB: If you are 9 years and older you are seen as a team member and therefore have to pay R80). Deposit of R100 payable in order to book a plot/campsite.*

Relay For Life site: *H/S Hottentots Holland / Hottentots Holland High, c/o Rustenburg Str & School Str, SOMERSET WEST.*

Name of your team: _____

Name of Team Captain: _____

Address: _____

Contact number: _____ Email: _____

Deposit Paid: ☐ Registration Fee Paid: ☐
ABSA Bank Acc No: 01007511287 Payable to: CANSA Ref: RFL HDB & TEAM NAME
e-mail proof to: rflcansa@gmail.com

Cash	Cheque	Direct deposit	EFT	Total	Receipt No.

Please insist on a receipt and provide CANSA of proof of direct and on-line deposits

Team Members:

Name	Cell No.	E-Mail
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		
11		
12		
13		
14		
15		

Enquiries:
Team Chairperson: Lucille Kruger: rflcansa@gmail.com. 072 928 6135
Event Chairperson: Dawn Saayman: finance@newgen.co.za 083 456 2779